## KOLLIG OP RUGBY (vervolg)

# SA SESDE DIVISIE TOER

**'n RUGBYTOER van vier maande deur nege lande gedurende die noordelike winter van 1945/46 was vir die SA Divisie-spelers die kersie op die oorlogstydse rugbykoek.**

Die vyandelikhede was toe geruime tyd al verby, maar duisende Geallieerde soldate moes nog die pas markeer in afwagting op vervoer na die lande van hul herkoms. En die bevelvoerders moes intussen die manne besig hou. Die oorblywende eenhede van die Sesde Divisie was in daardie stadium gevestig in 'n ry wit stranddorpies aan die Italiaanse Riviera toe die ou "Master" soos die legendariese M.M. (Boy) Louw bekend was – per jeep opgedaag het met 'n dringende boodskap van die hoofkwartier.

Dit het gelui dat die name, ouderdomme, massas en rugbygeskiedenis van belowende rugbyspelers in elke eenheid ingewin moet word en telefonies aan Hoofkwartier verstrek moes word. Die Kiwi's moet op 10 November op hul plek gesit word. As 'n sterk SA span op die been gebring kan word, is daar ook sprake van 'n uitgebreide rugbytoer na Engeland en die Vastelande van Europa.

Vier dae later was 60 hoopvolle jong spelers op pad na Rapallo in die mededistrik van Noord-Italië vir die keuringsproses. Die proefspelers het hul intrek in 'n hotel geneem en dieselfde aand het die aangewese kaptein, Piet Duvenhage, die oefenprogram aangekondig.

Liggaamsoefeninge elke oggend om 07h00; afrigtingsessies elke namiddag; oefenwedstryde al om die ander dag, en 'n halfbottel bier per speler per dag (behalwe Woensdae en Saterdae wanneer die rantsoen vermeerder is tot anderhalf bottel per man, as daar soveel was!)

Ná twee weke van sweet is 'n A- en B-span met vyf reserwes gekies en die res is terug na hul eenhede.

As 'n oefenlopie het die A-span 'n Britse gebiedspan met 45-3 kafgeloop terwyl die B-span ook ver gewen het teen 'n soldaatspan van Genoa. 'n Week daarna (op 19 Nov) het 300 rugbymal Kiwi's Rapallo binnegeval, terwyl lang konvooie vol rooilussiedraers van heinde en ver gekom het vir die uitdaagwedstryd. Kapt R.E. Prescott, 'n Britse toetsspeler, was die skeidsregter.

Die SA span wat daardie middag as oorwinnaars met 30-5 van die veld gestap het, was H. Swanson, Ian Frylinck, Cecil Moss, Jimmy Hearne, Frank Kingwell, Peter Stewart en John Youngelson, Dick Holton, Piet Duvenhage (Kapt), A.P. Greeff, Hannes Morkel, John Morkel, J. Botha, Stephen Fry en H. Schwartz.

Die rugbyprogram vir daardie wedstryd het onder die titel "The Book" verskyn. Op die onthaal ná die wedstryd was die "boek" dikwels ter sprake en is die verloorspan aangeraai om SA se rugbyboek te gaan bestudeer. Die denkbeeldige handboek oor rugby van SA en NS is in die oorlogsjare in die Noorde deur die spelers van die twee lande oor en weer vir mekaar voorgehou as die ware bron van rugbykennis.

Eienaardig genoeg het daardie groot loesing nie die Nieu-Seelanders afgeskrik nie. Hulle wou weer probeer, en tien dae later was dieselfde Divisie-span onderweg na Florence vir 'n tweede botsing met "'n versterkte" Kiwi-span. Dié keer is hulle met 23-3 geklop.

"Gaan dons nou maar die manne in Engeland op, julle is te sterk vir ons," het die Nieu-Seelandse afrigter daardie aand gesê.

Maar voor die 30 toerspelers met maj J. Burger as bestuurder en "oom" Boy Louw as afrigter kon koers kies Engeland toe, moes nog twee rugby-afsprake met gekombineerde Britse spanne in Italië afgehandel word. Dit is met wentellings van 19-3 en 17-10 beslis.

OP 2 Desember het die span per trein uit Milaan vertrek. Die rit deur Switserland tot by Calais het 36 uur in beslag geneem. In Londen is die span gul ontvang en tydelik erelede gemaak van verskeie sosiale klubs.

Die eerste twee wedstryde in Engeland teen die gekombineerde Gardebrigade op Caterham, en teen St Mary's Hospitaal op Richmond Park op betreklik droë velde, is maklik gewen, al het die toerspan probleme ondervind met die vertolking van die reëls.

Daarna het die span egter teenspoed gekry op moddervelde en in stortreën. Die gevolg was 'n gelykopuitslag van 10-elk teen die Australiese Lugmag, en twee neerlae (6-9 teen die Nieu-Seelandse magte in Engeland) en 0-3 teen Guy's Hospitaal.

Op 28 Desember 1945 is die span na Bordeaux in Frankryk as die gaste van die Paradyse Universiteit.

Op 'n weeksdag voor 18 000 toeskouers het die toerspan ses drieë teen die gekombineerde studentespan van Parys en Bordeaux gedruk en met 18-13 gewen. Op nuwejaarsdag op die dorp Pau aan die voet van die Pireneë, het die toerspan sy gelyke teëgekom in 'n suidelike streekspan met 'n hele aantal van Frankryk se internasionale spelers. Die SA span was effens gelukkig om met 'n gelykopuitslag (9-elk) weg te kom.

Die laaste wedstryd in Frankryk teen 'n distrikspan van Bayonne is met 16-4 gewen. Daarvandaan is die span oor Parys, Brussel en Paderborn na Wuppertal in Duitsland, waar die Walliese 53ste Divisie, wat as besettingstroepe ná die oorlog diens gedoen het, met 17-7 geklop is.


Die laaste toerwedstryd teen die 52ste Skotse Divisie in Münster moes gekanselleer word, omdat die veld kliphard bevrore was. In plaas daarvan is 'n naweek by Enschede op die Duits-Hollandse grens deurgebring, voor die lang terugreis na Italië aangepak is.

# Dok Craven se spore lê diep in SAW rugby

**PROF (dr) Daniël Harman Craven se naam is in Suid-Afrika en die res van die rugbyspelende wêreld sinoniem met die spel en hy is ook bekend as 'n kenner van liggaamlike opvoeding. Sy verbintenis met die SA Weermag op dié twee gebiede is egter nie allerweë bekend nie.**

"Dok" Craven, soos almal hom ken, het in die jare 1938 tot 1949 diep spore in die SA Weermag getrap as rugbyspeler, afrigter en administrateur van die spel. In dié tyd het hy ook baie gedoen vir liggaamlike opvoeding van lede van die SA Weermag.

Dr Craven is op 1 April 1938 as organiseerder van ligaamlike opleiding in die Unieverdedigingsmag met die rang van luitenant aangestel. Toe hy sy uniform in 1949 vir 'n professortoga verruil het, het hy die rang van kommandant (destyds luitenant-kolonel) beklee. Deur dié verbintenis het hy steeds 'n sagte plekkie vir die Weermagmanne.



*Tydens Weermag (WP) Rugbyklub se prestige bokstoernooi is dr Danie Craven vereer vir sy bydrae tot Weermagrugby. Hier oorhandig genl Jannie Geldenhuys die eerbewys aan dr Craven.*

Vanaf 1 Mei tot 30 Augustus 1938 het hy 'n liggaamlike opvoedingskursus by die SA Militêre Kollege op Voortrekkerhoogte bygewoon. Ná afloop van die kursus het hy op 16 September 1938 na die buiteland vertrek om 'n aantal liggaamlike opvoedingskursusse mee te maak en liggaamlike opvoedingstelsels te bestudeer.

Van 13 Oktober 1938 tot 26 Februarie 1939 – toe die oorlogswolke al dreigend oor Europa begin saampak het – het lt Craven 'n kursus aan die bekende Reichs Akademie für Leibesübungen in Berlyn bygewoon.

In Brittanje het hy die bekende "Army School of Physical Training" besoek vir 'n kursus wat van 1 Mei tot 30 Junie 1939 geduur het. Daarna is hy na Stockholm in Swede waar hy die Zingiade en ander gimnastiekkursusse bygewoon het. Op 27 Oktober het hy na Suid-Afrika teruggekeer.

In 1940 word hy, as tydelike majoor, Hoofinstrukteur in Liggaamlike Opvoeding by die Militêre Kollege op Voortrekkerhoogte. Hy het ook gedurende dié tyd in die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding gedien. Van die waardevolle werk wat hy gedoen het, is die instelling van 'n nasionale stelsel om soldate fiks te kry. Op 1 Januarie 1941 het hy gehelp met die instelling van die Liggaamlike Opleidingsbataljon en het hy 'n groot aandeel gehad in die remediërende opleiding van soldate wat herstelbare gebreke gehad het.

In 1949 het lt kol Craven sy uniform vir die professortoga verruil toe hy as professor in liggaamlike opvoeding aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel is.

Sommer met die intrapslag van sy loopbaan in die Unieverdedigingsmag op 1 April 1938, is Danie Craven (toe 'n luitenant) as spankaptein van Garnisoen, soos die Weermagrugbyspan toentertyd bekend gestaan het, aangewys.

In 1938 het Noord-Transvaal van die res van Transvaal afgeskei en 'n eie rugbyprovinsie geword. In hierdie beginjare van Noord-Transvaalse rugby het Craven sowel as Garnisoen 'n groot rol gespeel. Die meeste spelers in die Noord-Transvaalspan van daardie jaar was lede van die Weermag en het vir Garnisoen gespeel, terwyl Danie Craven wat kaptein van Garnisoen was, ook die kaptein van die Noord-Transvaalse rugbyspan was.

Die spelers wat vir beide die spanne gespeel het, was: Dr Danie Craven, lt "Kalfie" Martin (later lt genl), lt "Snaar" Viljoen (ook wêreldbekend as atleet), lt Matie du Toit (later) lt gnl en Hoof van die Generale Staf en broer van die Springbok-skrumskakel Fonnie du Toit), luitenante W. Kriel, S. van Schalkwyk, A. Colenbrander en G.T. Moll (later genl maj) asook lugwerktuigkundige T. van Onselen en kpl A. Venter.

Garnisoen, en dus ook Noord-Transvaal, het 'n baie sterk rugbyspan gehad. Onder die leiding van dr Craven het Garnisoen daardie jaar (1938) die heel eerste wenner van die vandag bekende Carltonbeker geword. Die beker is in 1938 toe Noord-Transvaal 'n eie rugbyprovinsie geword het, as die trofee ingestel waarom klubs in Noord-Transvaal meegeding het. Die afrigter van Garnisoen was dr Jan Pienaar, die latere lektor by die Universiteit van Stellenbosch en afrigter van die Maties. Lt kol H.V. Klopper, later Kommandant-generaal van die Unie-Verdedigingsmag, was voorsitter van Garnisoenklub.

# Klub 'herdoop' as gevolg van borgskap

**DANKSY 'n borgskap van R100 000 (eenhonderdduisend rand) vir 1989 sal Pretoria Weermag Rugbyklub 'n naamsverandering ondergaan en in die toekoms as Mascini Pretoria Weermag Rugbyklub bekend staan.**

Sport het deur die jare en veral in die jongste tyd groot veranderings ondergaan. Vanuit 'n bestuursoogpunt het dit nodig geword om Pretoria Weermag Rugbyklub meer professioneel te bedryf.

Met meer as 1 200 spelers het dit tyd geword om die administrasie te moderniseer. Om die spelers se volle potensiaal te benut en uit te bou, het dit nodig geword om gespesialiseerde kursusse in bestuur, afrigting ens buite Weermagverband by te woon.

Fondse is van die grootste belang indien rugby tot sy volle reg binne Pretoria Weermag uitgebou wil word. Dit is daarom met groot dank en waardering wat Mascini Group Holdings finansieel tot Pretoria Weermag Rugbyklub se redding gekom het.

Die klub word sonder enige staatshulp bedryf. Slegs bydraes van lede is aangewend om die klub te administreer. Weens die steeds groter wordende finansiële behoeftes wat sport in die algemeen en rugby in die besonder vereis, het dit bykans onmoontlik geword om op eie stoom fondse te in en medingend te wees. Dit is daarom dat borgskappe soos dié met groot dank verwelkom word.

Die borgskap van Mascini Group Holdings gaan verder aangewend word om spelers te subsidieer mbt toerusting. Geen speler sal finansiële vergoeding ontvang nie, slegs gesubsidieerde toerusting.

Daar moet 'n duidelike onderskeid getrek word tussen die borgskap van Saambou Nasionaal en dié van Mascini Group Holdings. Saambou Nasionaal se borgskap is vir die SA Weermag Rugbyvereniging wat rugby op Intereenheidsvlak bedryf, terwyl Mascini Group Holdings se borgskap uitsluitlik vir die uitbou van rugby by Pretoria Weermag Rugbyklub is.

Volgens mnr Leo Mascini van die borg word daar binne sy groep maatskappye besondere klem gelê op die feit dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees huisves. Dit is daarom dat dié groep besluit het om hom aan Pretoria Weermag Rugbyklub te verbind.

Hierdie borgskap van R100 000 van die Mascini Group Holdings is tot op hede die grootste borgskap wat 'n rugbyklub nog ontvang het.




***'n Borgskaptjek van R100 000 is aan die rugbyklub van die Pretoriase Weermag oorhandig. Dié borgskap van die Mascini-groep is vir die 1989-seisoen en die grootste wat 'n klub in Suid-Afrika nog ontvang het. Die president van die rugbyklub, genl maj J. Kriel (links), ontvang die tjek van mnr Leo Mascini, die borgmaatskappy se besturende direkteur. Effens verskuil agter genl maj Kriel is brig Faan Grobbelaar, die klubvoorsitter.***

# 'Highlights all good memories'

**By Cpl Kevin Udemans**

MAJOR Neels Cronje, secretary of the newly-formed South African Defence Force Rugby Association, has certainly been around. On being introduced to Maj Cronje, one comes face to face with a neatly-dressed middle-aged man. He is soft-spoken and friendly and he looks like your ordinary man on the street.

But sit down and chat to this man and a story of success will unfold as he modestly outlines his life history, a story which includes his being capped as a Springbok rugby player, his qualifying for athletics competition in the 1960 Olympic Games and his interesting life as an airline pilot with the South African Airways.

Maj Cronje says he comes from the Free State – ask him where exactly and he says: "From all over. My father was a teacher and he travelled around a bit, but I landed up in Bloemfontein where I matriculated at Shannon High School."

He volunteered for National Service in 1958 and spent a year at the Air Force Gymnasium. Thereafter he joined the Permanent Force and served as a regimental instructor. He studied part-time through the University of Pretoria and obtained his B Comm degree in 1962.

He received his commission in 1963 and went to the Central Flying School, Dunnottar, where he gained his wings at the end of 1964 – the same year he married Elsa Pretorius.

Prior to this, Maj Cronje's rugby playing was done with the Shannon High first team: "That wasn't too difficult to achieve because there were very few boys at the school.

"At the Gym I played Northern Transvaal under-19 rugby. From 1961 to 1963 I played for Northern Transvaal seniors. After I received my wings I was given permission to play rugby for a Springs club because there were not many players at my base. In Spings I played for Eastern Transvaal and it was while I was there, in 1965, that I was chosen to accompany the Springboks on their Australian Tour.

"I played in the first match against Western Australia in Perth. I was then chosen for the first test in Sydney but had to withdraw because of a hamstring injury," he said.

Another highlight of the wing's rugby career was representing the Combined Forces team in the only two matches ever played by the side. In 1960 he ran onto the field with Combined Forces against the All Blacks in Pretoria and in 1962 was part of the team in the notorious Combined Forces v Lions match in Potchefstroom – a match marred by fighting.

Maj Cronje also excelled in athletics. He narrowly missed gaining Springbok colours when he qualified for the 1960 Olympic Games but was not selected for the national team.

"I competed in the 400m and the 400m hurdles and was up against tough opposition like Malcolm Spence and Gert Potgieter. I saw a lot of their backs during my athletics career!"

Maj Cronje was running in the same race when Potgieter set the world 400m hurdles record and then two days later was in the same event in which Spence bettered the Commonwealth 400m record.

Maj Cronje's sporting career ended when he joined the Airways in 1968. He worked his way up to the post of captain of the airbusses – aircraft used for local and short international flights.

"One of the highlights of my airways career was going to take delivery of 737's in Seattle in 1981 and 1982. I was involved in the delivery of six of them. It took us five days to fly those little planes all the way to South Africa."

His career in the Airways was cut short when he lost his pilot's licence after it was discovered that he was suffering from the incurable Parkinson's Disease, the same illness suffered by former world boxing champion Mohammed Ali.

He joined Defence rugby in July 1987 and now plays an important role assisting Col Henning Buitendag administering SADFRA.

"Looking back I would say there are no real highlights in my career. They are all good memories, the injuries and achievements. I just love being involved with sport."

# SADFRA ensures the full development of potential



*Col H.P.C. Buitendag*

**By Cpl Kevin Udemans**

THE year 1989 is historic in the development of South African Defence Force Rugby as it is the year that the powers-that-be decided to form a separate organisation to administer the sport which currently has between 6 000 and 7 000 adherents in the forces.

On 1 March 1989 the SA Defence Force Rugby Association (SADFRA) was established to administer the sport because it was realised that the task was too great to be handled by the previous head committee.

A full-time staff was appointed under the leadership of manager Col Henning Buitendag and secretary Maj Neels Cronje and on 1 April the staff took their place in offices at the Ellis Park Stadium in Johannesburg.

The offices are situated in the south wing of the stadium at the home of the Transvaal Rugby Football Union (TRFU) and includes two offices, two storerooms, two lecture rooms, a kitchen and ablution facilities. In addition to these premises, Defence rugby has the use of a private suite on the north wing of the stadium. All these facilities were made possible through the generosity of the TRFU who are supplying them free of charge. This move by SADF rugby to become "independent" was boosted by a mammoth R600 000 three-year sponsorship by SAAMBOU, which was



announced in style aboard the **SAS Drakensberg** off the coast of Cape Town earlier this year.

The SA Navy splashed out for the original announcement to which rugby journalists from all over the country were invited. Mr Christie Kuun represented the sponsors and he handed over the sponsorship cheque to Gen Jannie Geldenhuys.

PARATUS decided to call on Col Buitendag and Maj Cronje at their offices to see how they had settled in at the premises. Col Buitendag was neatly dressed in a blue suit and proudly sported an Eastern Province rugby tie and shirt – he represented them as eighth man in the 1960's and early 1970's.

He began by explaining how rugby, like all other sports in the Defence Force, was previously governed by a head committee. Rugby, he said, then became too big a task for a part-time head committee and late last year it was decided to establish the full-time SADFRA.

The former chairman, Maj Gen O.J.J. du Toit, then became the president and Col Buitendag was appointed manager with Maj Cronje, a former Springbok rugby player and top athlete of the 1960's and 70's, as secretary. The clerical duties are performed by National Servicemen.

Col Buitendag, a former teacher, lecturer and senior staff officer in the Air Force, attended school in Kroonstad before obtaining his BSc (Physical Training) degree at Stellenbosch. He later gained his BEd through UNISA. He then moved to Port Elizabeth where he taught at Cillié High School and then at Framesby High School.

After Port Elizabeth he took up a lecturing post at the University of the North, Pietersburg, where one of his tasks was to establish a Faculty of Physical Education. In 1975 he joined the Defence Force.

During his travels, Col Buitendag has represented Northern Free State schools, Eastern Province and Border on the rugby field and has played for well-known clubs, Stellenbosch and Defence-Gardens. He has also served as a Northern Transvaal selector.

We asked the Colonel to explain the role SADFRA played. "SADFRA, which now has observer status with the SA Rugby board (SARB), is here to administer Defence Force rugby on a national scale because of the sport's enormity. This task encompasses many facets including the organisation of the annual Defence Week, which this year will be held in Bloemfontein (3-8 July)." he said.

With 16 senior sides and 16 under-21 teams entered, this tournament must rate as one of the biggest in the country. "Any matters involving the national Defence team are dealt with by us. This includes the selection of the national team such as the one which played in Kimberley against the SA Feeder XV at the SARB Centenary Celebrations in April," he explained.

"Another project demonstrates how players are developed to the fullest. We have good contacts with clubs in Italy and a number of Defence players have been sent there to play. Defence's main aim is to promote rugby in South Africa for the large number of rugby players that are doing their National Service. In short, we do not want the two years' National Service to be an obstacle in the development of our rugby players. We want to ensure that they get all the opportunities to reach their highest point of rugby achievement."

He added: "SADFRA are proud of the number of Springboks produced by the Defence Force since Dr Danie Craven became the first in 1938. To date we have 25 Springboks who were first capped while serving in the forces."



# Mixed fortunes for Defence basketball

THE SADF basketball teams met with mixed fortunes whilst participating in three National Tournaments in March and May 1989. These tournaments were the SA National Club Championships held in Cape Town over the period 24-27 March, the SA U-19 Championships in Pietermaritzburg over the period 29-31 March and SA Jnr (U-21) Championships in Pietermaritzburg over the period 4-7 May.

The SADF team was involved in three of the SA National Club Championships and produced some exciting matches. In the second game played on Friday, 24 March, the SADF eventually won 64-62 after an exciting tustle with Lusitania. The top scorers for the SADF were Pte A. Laing with 22 points and Pte R. Laing with 19 points.

In their first game on Saturday, 25 March, the SADF met "All Stars" and after leading for most of the game, finally succumbed to the pressure of All Stars in the last two minutes and went down 71-75. Top scorer in this game was Pte A. Laing with 24 points.

The final game for the Servicemen was played on Monday, 27 March, against UNIAO. This turned out to be an exciting match with the lead constantly changing hands right up to the end. With a few seconds to the final whistle, Pte R. Laing missed a basket, resulting in them losing the match 60-61. Pte A. Laing was top scorer with 19 points. This proved to be the best game of the tournament.

- Final results were: SADF 79 – University of Natal (Durban) 70; SADF 64 – Lusitania 62; SADF 71 – All Stars 75; SADF 86 – UCT 110; SADF 107 – Dynamoes 60; SADF 62 – University of Natal (Pietermaritzburg) 68; SADF 60 – UNIAO 61. The SADF team ended in fifth position in this tournament.

THE SA (U-19) Championships also produced some exciting basket ball with SADF being involved in two close games on the first day of the tournament.

In the game against Transvaal the two teams were all square at halftime. In the second half Defence took an early lead, but eventually Transvaal gained the upper hand to win 60 – 57. Pte P. Dittmar was top scorer with 21 points.

In the game against Natal Coastals, Defence allowed Coastals to gain the upper hand in the second half. With the score 57 – 57, Defence clinched the match 59 – 57 with one minute to go. Pte P. Dittmar was once again top scorer with 24 points.

- The results were: SADF 128 – N Tvl A 61; SADF 57 – Tvl A 60; SADF 59 – Coastals 57; SADF 71 – WP 87; SADF 70 – Natal A 106; SADF 107 – N Tvl Colts 29.

The SADF team ended 4th in the open section, playing for the Frank Armstrong Trophy which was presented for the first time at this tournament and donated by W01 F.C. Armstrong, Chairman of the SADF Head Committee for Basket Ball.

AT the SA Jnr (U/21) Championships, a high standard of basket ball was attained with a Springbok team being chosen at the end of the tournament.

Defence played their first game against Transvaal. Transvaal led for most of the game, but Defence came back at 58-58 with four minutes to go. This remained so right up to the last minute with Transvaal scoring the winning points to make the final score 67 – 66. The top scorers were Pte P. Dittmar with 26 points and L Cpl G. Erasmus with 18 points.

This was the only game that Defence lost. They won the other games by large margins.

Sweet revenge for Defence came in the final game on Sunday against Natal Midlands. In the corresponding game last year, Natal Midlands beat Defence 98 – 91 after two periods of extra time, but this year Defence convincingly beat them 80-62 with Pte P. Dittmar top scorer with 30 points.

- The results were: SADF 66 – Tvl 67; SADF 92 — WP 77; SADF 110 – Freegold 45; SADF 105 – EP 40; SADF 83 – SA Schools 51; SADF 80 – Midlands 62.

IN the women's section, the SADF entered a U/21 side for the first time and although inexperienced, they improved with every game that was played. The results were: SADF 11 – Midlands 84; SADF 8 – Tvl 109; SADF 13 – N Tvl 65; SADF 13 – WP 54; SADF 10 – EP 126.

IN the men's section, there was a triple tie for first place between SADF, Transvaal and Natal. After a "slide rule" finish Transvaal was placed first as a result of beating both SADF and Natal. Natal, who beat SADF by two points on aggregate, finished second and SADF third. L Cpl G. Erasmus and Pte P. Dittmar were chosen for the Junior Spingbok teams.

The next tournament in which SADF will participate is the National Championships to be held in Durban over the period 10 – 15 July 1989.

## ADIDAS SE SPORTMAN VAN DIE MAAND



Wahl Bartman

# Liewers saam met hom as teen hom!

WAHL BARTMAN, vorige flank van Transvaal, se naam laat mense se tonge sommer lekker los raak. Daar is diegene wat hom as ideale voorspeler kroon en dan is daar mense wat beslis nie sal saamstem nie.

Hierdie 26-jarige regsoffisier in die SA Weermag het egter reeds diep spore in Suid-Afrikaanse rugby getrap. Reeds op skool behaal hy provinsiale kleure en feit is dat hy vandag as een van Springbokland se voorste flanke gereken word.

Rugby is deel van sy lewensfilosofie. As jy iets doen, doen dit met volle oorgawe en geniet elke oomblik daarvan.

Ná skool studeer hy aan die Randse Afrikaanse Universiteit waar hy hom in die Regte bekwaam. Ná sy studies raap die SA Weermag hom op en begin hy sy basiese opleiding by Personeeldiensskool.

"Die basiese opleiding was nie speletjies nie, maar fiksheid speel 'n groot rol en maak aanpassing darem 'n bietjie makliker," het Wahl aan Paratus gesê.

Ná sy basiese opleiding het hy die offisierskursus voltooi en is daarna na die Regsafdeling by Militêre Basis Doornkop uitgeplaas.

Of jy nou 'n Transvaal-ondersteuner is of nie, Bartman se kraglopies saam met Jannie Breedt hier om die skrum laat 'n man se hart warm klop. Vriend en vyand is dit ook eens dat jy liewer saam met Bartman as teen hom wil speel!

**ADIDAS, verskaffers van sportuitrusting, en PARATUS gaan voortaan maandeliks 'n sportpresteerder aanwys. Die sportman/vrou ontvang dan 'n geskenkbewys van Adidas wat hom/haar in staat stel om sportuitrusting van sy eie keuse aan te koop. Wahl Bartman is die derde Adidas-sportman van die maand. Hy het sedert laerskool rugby gespeel en het ook die Transvaalse Cravenweekspan gehaal. Hy speel van 1982 af vir Transvaal en het die span reeds vanjaar aangevoer.**

# *Kick-boxer Paul: 'I don't train to lose!'*

**Deur FLORIS BRAND**

AMN PAUL CAVE got a real kick in when he incorporated some boxing into his martial art, karate kai, and became a hit kick-boxer. Paul became the European Open Champion kick-boxer recently for the above 90 kg category in semi-contact, when he beat the previous champion in Milan. He is thankful to the SADF for allowing him to travel to Europe and to the Officer Commanding Southern Air Command, Brig Theo de Munnink, for arranging financial assistance.

For this National Serviceman, the Transport Clerk at Silvermine, dedication to whatever he does is the key to success. Says he: "I refuse to lose. I train to win. I won't dedicate four hours of training a day to lose." This motto has served him well.

